



GRONDWET VAN DIE SUID AFRIKAANSE PROKUREURSVERENIGING

1. AANHEF

Nademaal die behoefte geïdentifiseer is om 'n vereniging van Prokureurs tot stand te bring vir die bevordering, handhawing en verbetering van die standaard aansien, algemene belange en verdere verwante oogmerke en algemene belange en verdere verwante doelstellings van die professie met inagneming van die belange van die breër publiek, wat deur die professie bedien word;

Nou derhalwe bring ons die ondergetekendes 'n Prokureursvereniging tot stand en neem daardeur die grondwet van hierdie vereniging aan.

2. NAAM

Die naam van die Vereniging wat hiermee tot stand gebring word sal bekend wees as die Suid Afrikaanse Prokureursvereniging (hierinlater na verwys as die Vereniging).

3. ALGEMENE BEVOEGDHEDE

Die Vereniging sal die volgende bykomende magte hê benewens die magte wat spesifiek daaraan opgedra is kragtens hierdie grondwet:

- 3.1 om te koop, te huur, verruil, skenkings te aanvaar, toekennings en honoraria te ontvang, of andersins roerende en onroerende eiendom van welke aard ookal te bekom, te verkoop, te verhuur, verruil, onder verband te verbind, te verpand, te skenk of op enige wyse oor enige regte of belange daarin of oor enige ander bate van welke aard ookal te beskik;
- 3.2 om lenings aan te gaan indien dit wenslik geag word, om sekuriteit vir die terugbetaling van geld te verskaf op enige wyse, om 'n waarborg of waarborge te gee vir die handelinge en geld verskuldig deur ander en om geld uit te leen teen sodanige sekuriteit, indien enige, as wat dit geskik mag ag;
- 3.3 om enige fondse te bekom, te belas, aan te wend of daarvoor te beskik op enige wyse wat dit paslik ag, egter deurlopend met inagneming van die doelstellings en oogmerke van die Vereniging, soos hierin uiteengesit;

- 3.4 om kontrakte en ooreenkomste te sluit en enigiets te doen wat nodig mag wees of van tyd tot tyd bevorderlik sal wees om die oogmerke en doelstellings van die Vereniging te bereik soos hierin uiteengesit;
- 3.5 om enige regsproses in te stel, voort te sit, te verdedig, te skik of te abandoneer, ten behoeve van die Vereniging of in regsproses teen die Vereniging, of enige wyse wat dit geskik ag om deurlopend die oogmerke en doelstellings van die Vereniging te bereik soos hierin uiteengesit;
- 3.6 om spaarrekenings en ander rekenings te open, daarop te opereer en te sluit, by enige finansiële instelling, om aandele, effekte, obligasies of verbande of enige ander belange in enige maatskappy, regspersoon of regeringsagentskap te koop of te verkoop of andersins daarmee te handel, om in die algemeen fondse en ander bates van die Vereniging te belê op sodanige wyse wat dit gepas ag deurlopend met inagneming van die oogmerke en doelstellings van die Vereniging soos hierin uiteengesit;
- 3.7 om in die algemeen enigiets te doen wat nodig of bevorderlik is ten einde die oogmerke en doelstellings van die Vereniging te bereik of te bevorder.

4. GEBIED VAN BEDIENING

- 4.1 Die hoofkantoor van die Vereniging sal in die Gauteng Provinsie in die Republiek van Suid Afrika gesetel wees of op enige ander plek as wat die Vereniging van tyd tot tyd mag besluit.
- 4.2 Die Nasionale Bestuurskomitee, saamgestel kragtens klousule 8 hiervan, sal takkantore van die Vereniging in minstens elke provinsie van die Republiek van Suid Afrika vestig of in sodanige ander streke as wat nodig mag wees.
- 4.3 Die Vereniging sal opereer regdeur die grondgebied van die Republiek van Suid Afrika.

5. OOGMERKE EN DOELSTELLINGS

Die Vereniging het die volgende fundamentele voortdurende en langtermyn oogmerke en doelstellings, naamlik:

- 5.1 om op 'n nasionale grondslag die gemeenskaplike belange van lede te bevorder, te alle tye met inagneming van die belange van die publiek wat dit bedien en om sover doenlik die belange van sy lede en die publiek te versoen insoverre daar konflik mag bestaan;
- 5.2 om die onafhanklikheid, objektiwiteit en integriteit van lede te beskerm en in stand te hou;

- 5.3 om die professionele standarde, aansien en stand van die professie en lede op 'n nasionale grondslag te handhaaf en in stand te hou welke standarde van tyd tot tyd hersien sal word met inagneming van die doelstellings van paragraaf 5.1 hiervan;
- 5.4 om die beoefening van die regsprofessie in stand te hou en aan te moedig, en om toegang tot die professie te bevorder en te fasiliteer;
- 5.5 om toegang tot geregtigheid en die howe te bevorder;
- 5.6 om regsopleiding, voortgesette regsopleiding en praktiese regsopleiding in die regswetenskap en regspraktyk te bevorder;
- 5.7 om 'n regsstaat, die administrasie van geregtigheid, die Grondwet en wette van Suid Afrika, in stand te hou, te beskerm en te bevorder;
- 5.8 om bestaande en voorgestelde wetgewing te inisieer, te oorweeg, te bevorder, opponeer of poog om te wysig;
- 5.9 om hervorming of wysigings in wetgewing, praktyk, prosedure en die administrasie van geregtigheid te inisieer, oorweeg, bevorder, opponeer of poog om te wysig;
- 5.10 om te strewen na 'n regstelsel wat billik, regverdig, gelykvormig, duidelik en vry van onbillike diskriminasie is;
- 5.11 om in die algemeen die siening van lede op 'n nasionale grondslag oor te dra;
- 5.12 om eenheid tussen lede aan te moedig en te bevorder ongeag ras, kleur, geslag of afkoms.

6. LIDMAATSKAP EN ALGEMENE VERGADERINGS

- 6.1 Lidmaatskap van die Vereniging sal oop wees vir alle prokureurs en kandidaat prokureurs:
 - 6.1.1 ongeag kleur, ras, geslag of afkoms;
 - 6.1.2 wat praktiserende of nie-praktiserende lede is van enige statutêre prokureursorde of wetsgenootskap behoorlik gekonstitueerd in Suid Afrika of, in die geval dat die Wet op Prokureurs van 1979 herroep word na die aanvaarding van hierdie Grondwet, geregistreerd is as 'n praktiserende of nie-praktiserende prokureur of kandidaat prokureur in terme van te ingestelde wetgewing;
 - 6.1.3 wat die beginsels hierin vervat aanvaar;
 - 6.1.4 wat toestem om hom/haar aan hierdie grondwet te onderwerp.

- 6.2 Lidmaatskap sal vereis dat 'n voorgeskrewe aansoekvorm voltooi word en die vereiste ledegeld betaal word.
- 6.3 Lede sal geregtig wees om alle vergaderings by te woon. Op 'n Algemene Jaarvergadering sal lede hulle reg mag uitoefen om die beleid van die organisasie te bepaal.
- 6.4 Prokureurs en kandidaat prokureurs wat aansoek doen om lidmaatskap moet in die aansoekvorm bevestig dat hy/sy nie 'n lid is van 'n organisasie waarvan die oogmerke en doelwitte in konflik is met die oogmerke en doelstellings van hierdie Vereniging nie.

7. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

- 7.1 Lidmaatskap mag onder die volgende omstandighede beëindig word:
 - 7.1.1 wangedrag;
 - 7.1.2 kranksinnigheid;
 - 7.1.3 bedanking;
 - 7.1.4 skorsing;
 - 7.1.5 skrapping van die rol;
 - 7.1.6 dood; of
 - 7.1.7 homself/haarself teenstrydig met die doelwitte en oogmerke van die Vereniging of teenstrydig met die voorskrifte van hierdie grondwet gedra.
- 7.2 Met 'n besluit van die Nasionale Bestuurskomitee, sal die Vereniging geregtig wees om enige lid uit die Vereniging te skors op grondige rede.

8. BESTUUR

- 8.1 Die beheer van die Vereniging sal in 'n Nasionale Bestuurskomitee (NBK) berus, welke komitee die Vereniging sal bestuur, beheer en kontroleer.
- 8.2 Die NBK sal uit nie minder as 9 lede en nie meer as 13 lede bestaan, onderworpe daaraan dat die NBK 'n verteenwoordiger van elke provinsie van die Republiek van Suid Afrika sal hê. Indien die ledetal van die NBK na benede 9 sou daal, mag die oorblywende lede een of meer persone nomineer om die vakature(s) te vul onderworpe aan provinsiale verteenwoordiging, totdat 'n verkiesing deur lede plaasvind ten einde lede te verkies om hul op die NBK te verteenwoordig.
 - 8.3.1 Verkiesing van lede van die NBK, ten opsigte van lede wie se termyn verstryk, sal eenmalig gedurende elke kalenderjaar plaasvind.
 - 8.3.2 Die eerste lede van die NBK, sal deur die ondertekenaars hiervan aangewys word.
- 8.4 Die dienstermyn van die NBK lede is 3 jaar. Geen lid sal vir langer as 3 termyne mag dien nie.

- 8.5 Die NBK sal 'n uitvoerende komitee bestaande uit 4 (vier) persone aanwys saamgestel soos volg:
- ♦ een lid vir Gauteng, Limpopo, Mphumalanga en Noordwes provinsie;
 - ♦ een lid vir die Vrystaat provinsie;
 - ♦ een lid vir die Kwa-Zulu Natal provinsie; en
 - ♦ een lid vir die Oos-, Wes- en Noord Kaap.

Die uitvoerende komitee sal:

- 8.5.1 sodanige opdragte as wat die NBK aan hulle mag opdra asook sodanige take as wat noodsaaklik mag wees tussen NBK vergaderings, en
- 8.5.2 so dikwels as wat dit nodig mag wees om uitvoering te gee aan bogemelde magte en verpligtinge vergader.
- 8.6 Die Vereniging het die reg om sub-komitees, bekend as Provinsiale Bestuurskomitees (PBK) te stig. Sodanige sub-komitees sal sodanige pligte as wat aan hul opgedra of gedelegeer mag word, uitvoer.
- 8.7 Die lede van die PBK sal gekies word deur die lede van die Vereniging van die geografiese area wat deur die Nasionale Bestuurskomitee bepaal sal word, welke geografiese area die PBK sal verteenwoordig.
- 8.8 Die PBK sal bestaan uit sodanige hoeveelheid lede, soos bepaal deur die NBK vir doeleindes van die aanvanklike aanwysing van lede om op die PBK te dien en daarna uit soveel lede as wat die PBK mag bepaal in konsultasie met die NBK.
- 8.9 Lede van die PBK sal dien vir 'n termyn van drie (3) jaar. Lede is herkiesbaar vir hoogstens 3 termyne.

9. BEVOEGDHEDE VAN DIE NASIONALE BESTUURSKOMITEE

- 9.1 Die NBK sal beklee wees met sodanige magte en bevoegdhede wat dit benodig om die doelwitte soos hierintevore uiteengesit te bereik.
- 9.2 Die NBK sal die mag hê om fondse te in op sodanige wyse as wat dit mag goeddink.
- 9.3 Die NBK het die bevoegheid om by-wette en/of regulasies uit te vaardig vir die behoorlike bestuur van die Vereniging, insluitende prosedures met betrekking tot die aansoek, goedkeuring en beëindiging van lidmaatskap en die verkiesing van lede van die NBK en die PBK.
- 9.4 Die NBK sal die bevoegdhede en funksies van al die NBK ampsdraers bepaal.

- 9.5 Die NBK is beklee met uitvoerende magte om besluite te neem ten behoewe van en in die beste belang van die Vereniging en sy lede, met dien verstande dat die NBK ondergeskik is aan die Vereniging en die Vereniging mag aandrang dat besluite geneem deur die NBK hersien moet word. Die Vereniging het die bevoegdheid om by meerderheidsbesluit die NBK te gelas om op te tree of om nie op te tree nie.
- 9.6 Die prosedures en grondwet van die PBK moet deur die Vereniging goedgekeur word.
- 9.7 Die NBK mag:
- 9.7.1 wetgewing en administrasie van geregtigheid ondersoek en gepaste stappe in verband daarmee neem;
 - 9.7.2 getuienis voorberei vir voorlegging aan regerings of provinsiale kommissies, komitees of enige ander liggame;
 - 9.7.3 sy opinie uitspreek in sodanige forums as wat dit dienstig ag, van tyd tot tyd;
 - 9.7.4 sy òf gesamentlike voorleggings maak aan ministers òf ander persone of liggame betreffende aangeleenthede wat van toepassing is op die regsprofessie of die lede daarvan;
 - 9.7.5 sodanige komitees of sub-komitees en werknemers aanstel as wat dit nodig mag ag van tyd tot tyd met die mag om te ko-öpteer of te delegeer aan enige komitee of sub-komitee of werknemers sodanige magte en bevoegdhede as wat die NBK van tyd tot tyd mag vasstel;
 - 9.7.6 in die algemeen sodanige stappe neem as wat dit noodsaaklik ag ten einde die oogmerke van die NBK te bevorder;
 - 9.7.7 sodanige magte delegeer as wat dit goeddink aan die uitvoerendekomitee of 'n provinsiale bestuurskomitee;
 - 9.7.8 komitees aanstel om ondersoek te doen, terugvoering te verskaf en van advies te bedien aan die NBK, 'n PBK of die Vereniging omtrent enige aangeleentheid wat na die komitee verwys word deur die NBK; en/of
 - 9.7.9 alle bevoegdhede uitoefen wat kragtens hierdie grondwet verleen word.

10. VERGADERINGS EN PROSEDURES VAN DIE NBK EN 'N PBK

- 10.1 Die NBK en PBK sal een gewone vergadering hou elke sestig (60) dae.
- 10.2 Die meerderheid van lede van die NBK of PBK wat teenwoordig is in persoon of by wyse van volmag, by enige vergadering van die NBK of PBK, sal 'n kworum vorm, met dien verstande dat, indien binne dertig (30) minute vanaf die geskeduleerde tyd van die aanvang van die vergadering, 'n kworum nie teenwoordig is nie, die vergadering sal verdaag tot op dieselfde dag in die volgende week, by dieselfde plek en om dieselfde tyd, of indien sodanige dag 'n publieke vakansiedag is, na die eersvolgende dag anders dan 'n Saterdag, Sondag of op 'n publieke vakansiedag. Indien by sodanige uitgestelde vergadering 'n kworum nie teenwoordig is binne dertig (30) minute van die tyd vasgestel vir die van aanvang van die vergadering nie, sal die lede dan teenwoordig in persoon of by wyse van volmag, 'n kworum vorm.

- 10.3 Binne sewe (7) dae vanaf die eerste NBK of PBK vergadering, sal die lede daarvan ontmoet en uit eie geledere 'n voorsitter of president (na hul keuse), en 'n visie-voorsitter of visie-president (na hul keuse) verkies. Die voorsitter en visie-voorsitter aldus verkose sal die pos beklee tot tyd en wyl 'n nuwe voorsitter en visie-voorsitter verkies is.
- 10.4 Alle aangeleenthede by enige vergadering van die lede van die NBK of PBK sal beslis word deur 'n meerderheid van die teenwoordige lede wat stem.
- 10.5 Die lede van 'n NBK of 'n PBK mag van tyd tot tyd 'n sekretaris en 'n tesourier of sekretaris/tesourier aanstel.
- 10.6 Indien 'n lid van die NBK of PBK versuim om drie (3) agtereenvolgende NBK of PBK vergaderings by te woon sonder om aansoek te doen en toestemming te verkry vir afwesigheid van die NBK of PBK, soos die geval mag wees, dan sal sodanige lid outomaties ophou om 'n lid van die NBK of PBK te wees. In sodanige geval sal die NBK of PBK geregtig wees om die lid wat in versuim is te vervang. Die oorblywende NBK of PBK lede mag een of meer persone nomineer om die vakature of vakatures te vul, welke genomineerde lid of lede sal dien tot die volgende verkiesing.
- 10.7 Notules sal geneem word van elke vergadering van die NBK en PBK deur die verrigtinge te notuleer en sodanige notules sal gehou word deur die sekretaris van die NBK in die kantore van die NBK. Die notule van elke vergadering moet verskaf word aan lede minstens twee weke voor die volgende vergadering. Die notules moet bekragtig word as 'n ware weergawe van die verrigtinge van die NBK en PBK by die volgende vergadering van sodanige komitee.
- 10.8 Die voorsitter, of twee (2) lede van die NBK of die PBK of enige tien (10) lede van die Vereniging, kan 'n spesiale vergadering belê met veertien (14) dae skriftelike kennisgewing. Sodanige kennisgewing sal alle aangeleenthede wat bespreek moet word bevat.
- 10.9 Die voorsitter sal optree as voorsitter van die betrokke bestuurskomitee. Indien die voorsitter nie 'n vergadering bywoon nie dan sal die lede van die komitee wat teenwoordig is 'n voorsitter verkies vir die vergadering vanuit die geledere van die teenwoordige lede. 'n Kworum soos uiteengesit in klousule 10.2 hierintevore sal vereis word.
- 10.10 Indien nodig en indien dringend mag besluite geneem word by wyse van rondskrywe, deur die lede van die NBK of PBK, nadat alle lede van die betrokke komitee minstens vier en twintig uur kennis ontvang het van die betrokke aangeleentheid wat 'n dringende besluit noodsaak. In sodanige geval, vir 'n besluit om bindend te wees, moet 50% plus een lid van die NBK of PBK, wat ookal die geval mag wees, ten gunste van die besluit gestem het.

11. ALGEMENE JAARVERGADERINGS

- 11.1 Die algemene jaarvergadering sal gehou word een keer per jaar op 'n datum en plek soos vasgestel deur die NBK.
- 11.2 Sodanige algemene jaarvergadering sal onder andere handel met die volgende aangeleentede:-
- 11.2.1 bespreking van items op die agenda;
 - 11.2.2 die lees en aanname van die notules van die vorige vergadering met sake voortspuitend daaruit;
 - 11.2.3 die voorsitter se jaarverslag;
 - 11.2.4 die tesourier se jaarverslag;
 - 11.2.5 wysigings aan die grondwet wat lede sou wou aanbring;
 - 11.2.6 verkiesing van nuwe ampsdraers, insluitende 'n rekenkundige beampte; en of
 - 11.2.7 enige algemene aangeleentheid wat 'n lid mag opper.
- 11.3 Kandidaat prokureurs sal nie toegelaat word om te stem nie maar elke ander lid wat sy of haar ledegeld betaal het vir die jaar, sal geregtig wees op een stem.
- 11.4 Lede sal minstens veertien (14) dae skriftelike kennisgewing ontvang van enige vergadering van die PBK en of die NBK behalwe in noodgevalle.
- 11.5 Sodanige kennisgewings sal gestuur word na die adres van die lid soos wat dit verskyn op die rekords van die sekretaris van die Vereniging.
- 11.6 Die voorsitter van die PBK of NBK, soos wat die geval mag wees, sal die bevoegdheid hê om as 'n eerste agenda item te bepaal wat 'n noodgeval behels en sodanige persone teenwoordig wat stem (mits daar 'n kworum bestaan), mag kort kennisgewing kondoneer.
- 11.7 Elke lid van die Vereniging sal die reg hê om:
- 11.7.1 deel te neem aan die formulering en bespreking van die beleid van die Vereniging;
 - 11.7.2 om tot enige komitee, kommissie of afvaardiging van die Vereniging verkies te word; en/of
 - 11.7.3 met betrekking tot enige aangeleentheid wat relevant is vir die Vereniging voorstelle te maak.
- 11.8 Vyftien (15) lede teenwoordig sal 'n kworum vorm by 'n algemene jaarvergadering of by 'n spesiale algemene vergadering.

12. FINANSIES

- 12.1 'n Rekenkundige beampte sal aangestel word by die algemene jaarvergadering. Sy of haar plig is om die finansies van die Vereniging te oudit en na te gaan. Sy/hy mag betaal word vir sy of haar dienste uit die fondse van die Vereniging.
- 12.2 Die tesourier sal die dag tot dag finansies van die Vereniging kontroleer en behoorlik rekord hou van alle finansiële transaksies.
- 12.3 Die finansiële jaar van die Vereniging sal sluit op die laaste dag van Februarie.
- 12.4 Indien benodig sal die rekenkundige verslae en rekords van die Vereniging gereed wees vir oorhandiging aan die Direkteur van Nie-Regeringsorganisasies Sonder Winsoogmerk, binne ses (6) maande na sluiting van die finansiële jaar.
- 12.5 Indien die Vereniging fondse het wat belê kan word, dan sal sodanige fondse slegs belê word deur die NBK by geregisteerde finansiële instellings.

13. LEDEGELDE

- 13.1 Elke lid sal jaarlikse ledegeld betaal aan die Vereniging, in sodanige bedrag as wat van tyd tot tyd deur die NBK vasgestel word.
- 13.2 Ledegeld sal jaarliks vooruit betaalbaar wees voor of op 31 Augustus van elke jaar.
- 13.3 Die NBK sal 'n gedeelte van die ledegelde wat deur lede betaal word en wat deur die NBK ontvang word aan die PBK oorbetaal synde sodanige bedrag as wat van tyd tot tyd deur die NBK besluit mag word.

14. WYSIGINGS VAN DIE GRONDWET

Die grondwet mag gewysig word deur besluit. Sodanige besluit moet goedgekeur word deur nie minder nie as twee derdes van die lede van die Vereniging wat teenwoordig is in persoon of deur volmag of verteenwoordig by die algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering. Verdermeer, kennisgewing van die voorgestelde wysiging van die grondwet moet gestuur word sodat lede minstens veertien (14) dae kennis van die voorgestelde wysiging ontvang. Geen lid sal geregtig wees om gebruik te maak van meer as vyf (5) volmagte nie.

15. VRYWARING

Elke lid, ampsdraer of werknemer van die Vereniging sal gevrywaar word deur die Vereniging teen alle eise, koste, verliese en uitgawes wat hy of sy mag aangaan of voor verantwoordelik gehou kan word as gevolg van enige handeling of versuim of iets gedoen deur hom of haar in die uitvoering van sy of haar pligte, tensy die verlies veroorsaak word deur sy of haar eie growwe nalatigheid, oneerlikheid of verbreking van vertroue.

16. BEPERKING

Die aanspreeklikheid van lede is beperk tot die bedrag van hulle onbetaalde ledegelde of enige ander gelde deur hulle verskuldig aan die Vereniging.